graad 7 - 10 kategese '09

Sondag 13 | 31 Mei

HEILIGE GEES DEEL 2

Debrief

- Gesels saam oor die afgelope week se pinkster en wat dit vir elkeen beteken het.
- Deel wat het elkeen hierdie week van die Here raakgesien. Waar was elkeen bewus van die HG die week?

Luister

- Lees saam Hand 2: 1-13

Gesprek!

- Laasweek het ons gesels oor die deel waar Jesus belowe het dat die Gees sal kom. Vandag lees ons waar die dissipels bymekaar was in Jerusalem en die Gees ontvang. Tydlyn = 40 dae na Jesus se opstanding was Hemelvaart en 10 dae na die Hemelvaart (op pinksterfees) het die uitstorting gebeur. 50 is die getal wat geassosieer word met Pinkster!
- Deur die loop van die Bybel is daar twee hooflyne (temas) wat jy moet in jou kop hê om te verstaan wat hier gebeur.
    - Die eerste is dat by al die HOOFGEBEURE in die Bybel is WOORDE betrokke (Skepping, Verbond, Uittog, Wet, Jesus se Doop, kruisiging en opstanding). Hier gebeur dieselfde – die uitstorting van die HG is 'n WOORD moment soos met al die groot gebeure deur die Bybel. Mense kry die taal vermoë om te gaan VERKONDIGING dat Jesus leef!
    - Die tweede is dat met al die verskynings van God in die Bybel is daar altyd VUUR, WIND, HARDE GELUIDE en ook ENGELE, WOLKE en ROOK. So hierdie tekens is in lyn met al die verskynings van God aan mense. Die groot verskil is dat hier kry elke individu die Gees van God en nie net party nie.
- Wat doen die Gees onmiddelik hier? Hy gee vir die kerk wat sy nodig het om die evangelie na alle volke toe uit te dra – bekende tale. Die Gees bekragtig dus altyd ons om die werk van Jesus voort te sit en gee vir ons GAWES om dit te doen.
- So gawes gaan nie oor ons nie, maar oor God en die koms van Sy Koninkryk en die uitbou daarvan.
- Maak 'n lys uit die volgende gedeeltes van die gawes wat die Gees onder andere vir die kerk van die eerste eeu gegee het: Rom12:3-8; 1 Kor 12:12-31; Ef 4:4-16
- Elkeen het ander gawes – laat elkeen bietjie sê watter gawes dink hulle het die Gees vir hulle gegee.
- Gesels oor hoe ons as kerk moet funksioneer as ons almal verskillende gawes het.

Wrap-up!

- Laat elkeen vertel wat hy vandag geleer het.
- Bid vir mekaar om meer van die Gees in ons lewens toe te laat en te ontdek.
- **Beplan saam hoe julle volgende week die kwartaal gaan afsluit as 'n klas.**